




22 NOVEMBER 2020

# TORINGKERK *nuus*

KOM TUIS



## TORINGKERK IS AANLYN

Ons is ook op Youtube! Gaan loer na ons Youtube kanaal "Toringkerk Aanlyn". Druk "Subscribe" om ons weeklikse lewendige kerkuitsendings te kyk.

Stuur 'n epos aan Jana (jana@toringkerk.co.za) indien jy nie die weeklikse inligting per epos of Whatsapp ontvang nie.

2021

# TORINGKERK GEMEENTERAAD

Die gemeenteraad het laas naweek tyd spandeer om God se roepstem vir die gemeente te hoor. Ons het stil gestaan by elke persoon se roeping en het uit klei ons roepingsverhale gemaak. Hierdie klei stukke leef op die tafel van die konsistorie waar ons gewoonlik vergader. Met onderskeiding uit Efesiërs 3:14 – 21 word ons genooi om 'n tafel te wees.

Hierdie tafel hoort aan Christus en ons as familie word ingenooi met ons verhale, talente en vaardighede (ons unieke klei roepingsverhale). Dit het duidelik geraak dat Christus se tafel altyd nog stoele innooi. Om hierdie tafel leef ons Toringkerk se waardes uit: Bid, Sien, Deel.

Ons is sterk op visie maar swak op grense: hierdie tafel is slegs vir almal. Kom sit aan by Jesus se tafel.



**Voel jy geroep om dalk op Toringkerk se gemeenteraad te dien vir die volgende termyn?  
Kontak asb vir Dawfré of Gert indien jy belangstel om deel te vorm van hierdie groep.**



# DIEP & VÊR

KOSVOORSIENING AAN 44 GESINNE

HOE KAN JY BETROKKE RAAK?

## OPSIE 1

JY KAN KOS ITEMS AANKOOP EN DIT BY DIE KANTOOR KOM AFGEE.



'CANNED FISH'  
'SOYA MINCE'  
'PEAS/LENTILS'  
'BAKED BEANS'  
'MAIZE MEAL'  
MEEL

MELK (LANG LEWE)  
OLIE  
'PEANUT BUTTER'  
'CANNED MIXED  
VEG'  
'YEAST'  
RYS



## OPSIE 2

JY KAN 'N FINANSIELE BYDRAE MAAK. BETAAL DIREK IN DIE KERK SE REKENING IN MET DIE VERWYSING: "DIEP & VER"

## OPSIE 3

JY KAN OP 'N MAANDELIKSE BASIS KOM HELP KOSPAKKIES PAK. KONTAK VIR JANNEKE.

## OPSIE 4

JY KAN SAAM MET ONS BID VIR DIE GESINNE WAT HIERDIE KOSPAKKIES ONTVANG.

# DIEP & VÊR

**JY KAN OOK NOU ITEMS VIR DIE  
KOSPAKKIES KERK TOE BRING.**

**GAAN PLAAS JOU ITEMS IN DIE  
MANDJIE VOOR IN DIE KERK!**



## Tieners, Ouers en Depressie

**Oop, interaktiewe  
gesprek met:  
Dr Lydia Dreyer**  
SIELKUNDIGE

Is selfdood  
aansteeklik?

Het ek die  
tekens gemis?

Is my kind dalk  
depressief?

Hoe help ek my  
vriende?



Is my verhouding  
met my kind  
veilig?

Kontak Ds Tilana Meyer-  
Morkel vir meer inligting:  
083 448 8306

**Paarl-Vallei Gemeente Grootaal | 22 November 2020 | 17:00-19:00**

**Alle ouers & tieners word genooi om aan hierdie gesprek deel te neem!**





## OUERSKAP KURSUS

# LEER HOE OM AL DIE EMOSIES IN JOU HUIS TE HANTEER

vir ouers met kinders van alle ouderdomme

**IS HIERDIE KURSUS VIR JOU? KOM BELEEF SESSIE EEN GRATIS  
EN VIND UIT!**

Om 'n ouer te wees, is nie 'n natuurlike vermoë waarmee 'n mens gebore word nie en ongelukkig word 'n kind sonder 'n handleiding gebore.

**Doeltreffende Ouerskap Leiding (D.O.L.)** kan jou help om kommunikasie in jou gesin te verbeter. Dit is 'n agt sessie kursus wat deur die bekroonde sielkundige Dr. Thomas Gordon ontwerp is en leer ouers kernvaardighede soos aktief luister, ek-boodskappe en wen-wen konfliktoplossings.

### WANNEER

**3 Februarie - 24 Maart 2021**

18:00 - 21:00

### WAAR

KIKKA Boulevard, Paarl

### KONTAK

**Odette Wessels**

odi.wessels@gmail.com | 074 966 8871 | [www.parents.co.za](http://www.parents.co.za)

# GESONDE GEDAGTES

WAAROM  
STAAN DIE DOOPVONT IN  
DIE LITURGIESE RUIMTE? –  
RYNO ELS



Die doop en nagmaal is ons sakramente. Dit is heilige vieringe waar God en mens verenig word. In hierdie simboliese aksies word ons herinner dat die Vader vir ons sorg, dat Jesus vir ons gesterf het en dat die Heilige Gees ons nuwe mense maak. Met die doopvont dink ons spesifiek aan Lukas 3:22, "Jy is my geliefde kind, oor jou verheug ek my". Ons moet mekaar meer gereeld aan hierdie spesiale woorde herinner.

Jou identiteit is nie gekoppel aan jou beroep, status, monutêre beleggings of materialistiese besittings nie. Jou identiteit vind oorsprong in Jesus se woorde: "Ek is lief vir jou, Ek kies vir jou, Jy is myne!" Ons wil doopbakke by die deure installeer sodat jy elke Sondag jou hand in die doopvont kan druk en jouself herinner dat jy aan God behoort en nie die wêreld nie.

Vind asseblief jou doop datum uit en vier dit elke jaar deur 'n kers te laat brand op daardie dag. Hierdie dag is selfs belangriker as jou verjaarsdag. Glo, leef en ervaar hierdie Waarheid.



## DEURKOLLEKTE: RUSOORD

Rusoord is 'n Tehuis in die Paarl wat aan 176 inwoners huisvesting bied. Toringkerk is bevoorreg om betrokke te wees by hierdie tehuis op verskeie maniere. Indien jy meer betrokke wil word by Rusoord se bediening, kontak gerus vir Jana.

# TORINGKERK *verjaarsdae*

Mia Brand 22/11  
Sibel de Vries 22/11  
Annuska de Wet 22/11  
Brian Hart 22/11  
Anna-Mari Horn 22/11  
Marlize Townsend 23/11  
Dalene van Zyl 24/11  
Marina Champion 25/11

25/11 Alfred Cupido  
25/11 Martin Ras  
25/11 Marie Vorster  
26/11 Reghardt Landman  
27/11 Valria du Plessis  
27/11 Kristen Pagel  
27/11 Jurie Wessels  
27/11 Mia-Lize Perold





LEER LEEF MET JESUS

ELKE WOENSDAGAAND | 18H30 | ZOOM

BESTEL JOU BOEKIE BY DIE KANTOOR

INFO@TORINGKERK.CO.ZA

# GESKENK PAKKIES

## VIR DANNY SE JUNIORS

DIT IS WEER AMPER KERSFEESTYD!

ONS GEMEENTE HELP ELKE JAAR OM  
VIR DANNY SE JUNIORS 200  
VERRASSINGSPAKKIES OP TE MAAK.

DIE PAKKIES BESTAAN UIT:

- 1 PAKKIE KOEKIES
- SMARTIES/KIT KAT
  - NIKNAKS
- 2 STOKKIELEKKERS
  - LOSLEKKERS
- 1 KOEKIE SEEP

GAAN HAAL VIR JOU 'N SAKKIE IN DIE  
KERK OM VOL TE MAAK OF MAAK 'N  
FINANSIELE BYDRAE MET VERWYSING:  
"DANNY SE JUNIORS"

SLUITINGSDATUM: 25 NOV



KONTAK JANNEKE VIR  
MEER INLIGTING



## HAM SKOENDOOS-PROJEK

IHuis Andrew Murray het elke jaar 'n Skoendoosprojek gedurende die Junie- en Desemberavakansie. Gedurende die projek in Desember reël HAM vir die kinders 'n groot Kersfeespartytjie, waar elkeen dan ook onder andere 'n geskenkie ontvang wat spesifieke benodighede bevat soos klere, skoene, toiletware en 'n speelding. Ons is so dankbaar vir ons gemeentelede wat hand opgesteek het om vir ons dogters van Huis Aristeia elkeen 'n skoendoos te kon opmaak. Ons waardeer die moeite wat julle daarin gesit het om die pakkies ook so vrolik op te maak. Ons waardeer dit opreg!



## FAMILIE AFSLUITINGSFEES!

Ons sien baie uit na ons Familieafsluitings wat op 29 November 2020 plaasvind. Ons noem di toek die "Plakkie en Kortbroek" diens. So kom met jou kortbroek en plakkies kerk toe! Ons gaan na die afloop van die erediens saam piekniek hou op die grasperk langs die kerkgebou. Onthou asb om jou eie piekniekmandjie te pak.

Vir die kinders gaan daar 'n 'slippery slide' wees, so onthou die swembroeke en handdoeke! Bring ook 'n geldjie vir roomys, vir al die soettande daar buite!

Ons sien uit om hierdie rowwe jaar af te sluit saam met ons geloofs familie. En dit kan mens natuurlik slegs doen met 'n roomys in die hand!

# 16

DAYS  
OF

ACTIVISM

**NOT HER FAULT**

**I'M HERE FOR HER**

16 Days of Activism against Gender-Based Violence 2020

## 16 DAE VAN AKTIVISME VIR GEWELD TEEN VROUE EN KINDERS

In elke land is geslagsgeweld 'n tragiese werklikheid. Hierdie geweld word gereeld weggesteek, en die slagoffers swyg dikwels en vrees vir stigma en verdere geweld.

Ons het almal die verantwoordelikheid om teen geweld op te staan, om te verseker dat vroue en mans, seuns en meisies, veilig is teen verkragting en geweld in huise, skole, werksplekke, strate - op alle plekke in ons samelewings.

### WAT IS DIE 16 DAE VAN AKTIVISME?

Dit is 'n wêreldwye veldtog wat deur die VN gedryf word om geweld teen vroue en kinders teen te staan. Dit is daarop gemik om bewusmaking te doen teen die negatiewe impak wat geweld en misbruik op vroue en kinders het.

### WANNEER VIND DIE VELDTOG PLAAS?

Die 16 dae van aktivisme-veldtog word elke jaar van 25 November tot 10 Desember gehou.

### HOE KAN ONS DEELVORM VAN HIERDIE VELDTOG?

- Wees 'n aktivis teen geslagsgebaseerde geweld in jou eie huis, gemeenskappe en werksposisies.
- Daag kulture en praktyke uit wat geslagsongelykhede en gevolglike mishandeling van vroue en kinders op persoonlike en maatskaplike vlak laat voortduur
- Rapporteer misbruikers
- Wees sensitief en ondersteunend teenoor geslagsgebaseerde geweld
- Beskerm kinders teen blootstelling aan geweld en skadelike inhoud op die internet en sosiale media, insluitend pornografie, seksuele versoeke

## KOM HAAL JOU "THURSDAYS IN BLACK" BADGE BY DIE KERK

Ons nooi jou ook om Sondag tydens die ereediens vir jou 'n "Thursdays in Black" badge te kom haal. Dra hierdie badge vir die volle tydperk vanaf 25 November tot en met 10 Desember om te verklaar dat jy deel is van die wêreldwye beweging wat houdings en praktyke wat verkragting en geweld toelaat, teenstaan. Betoon jou respek vir vroue wat veerkragtig is te midde van onreg en geweld.

Dikwels word die kleur swart gebruik as negatiewe rasekonnotasies. In hierdie veldtog word swart gebruik as 'n kleur van weerstand en veerkragtigheid. Kom haal jou 'badge' Sondag in die kerk!







## WESSEL CRONJE EN WERKSAAMHEDE IN DURBAN

Sedert Maart 2007 dien Wessel en Lomé Cronjé as leraarspaar in die Reformed Church in Africa (RCA ) gemeente Emmanuel in Durban. Die RCA is ten diepste Evangelies Gereformeerde met 'n eie unieke identiteit wat hoofsaaklik in Indiër gemeenskappe bedien. Hierdie is 'n uitdagende bediening wat binne die Moslem en Hindoe gemeenskap plaasvind. Daar is reeds heelwat Indiër Christene in KZN.

Verskeie van die predikante en Evangeliste is bekeerlinge uit 'n Hindoe agtergrond. Ten spyte van enkele verskille is daar al verskeie getuiesse gedeel deur RCA lidmate, vir hulle waardering van die NGK se sendingpogings deur die jare heen. RCA Emmanuel is vanjaar reeds 60 jaar oud. Uit die aard van ons tradisie en gemeente kultuur, sou dit gevier word met 'n spesiale dankseggingsdiens wat sprekers, lofprysing, heerlike brejani en saamkuier sou insluit.

Ons doen graag soos volg verslag oor die werksaamhede in Durban in 'n baie vreemde anderssoortige Covid19 jaar. Ons bydraes tot koningryksbou in Durban: Daar is soveel waardering vir elke gemeente se betrokkenheid by hierdie bediening. Weet asb dat dit 'n diep dankbaarheid in ons harte laat opwel en dat dit ons voortdurende gebed is dat ons Here Jesus U elkeen ryklik sal seën vir die voortdurende finansiële bydrae wat u tot Wessel en Lomé Cronjé se pensioenfonds maak. U bydraes help geweldig baie om 'n pensioenfonds vir hulle te verseker. Hierdie bydraes bring gemoedsrus en voorsiening vir hulle as gesin ten spyte van baie uitdagings wat steeds daaglik hul pad kruis, veral ten opsigte van Hesmese spesiale behoeftes.

Hierdie bydrae beteken geweldig baie vir Wessel en Lomé persoonlik asook vir die RCA Emmanuel gemeente wat hierdeur iets ervaar van ander gelowiges wat hulle ondersteun en meewerk in God se Koninkryk.



### KONTAK ONS!

Ons besef dat ons aan die einde van die jaar is. Hierdie tyd van die jaar voel die jaar ekstra lank en ons ervaar moedeloosheid en hopeloosheid soms meer as ooit, in hierdie tye.

Ons wil jou regtig uitnooi om ons te kontak, enige tyd van die dag. Ons wil jou graag bystaan waar ons kan. Jy is nie alleen nie.

Jana – 083 948 4233

Ryno – 083 610 1641

Janneke – 082 831 6165

Dawfré – 082 899 3959



# IS JY 'N TIENER? LEES HIER!

Ons wil graag vir jou sterkte sê met die eksamen wat voorlê!

Behalwe dat ons weet julle hard gaan werk en julle beste sal gee, sal julle ons een ding belowe? Belowe om in een van jou studiebreuke gou saam met jou ouers te ry na die Taalmonument of enige plek waar jy 'n mooi uitsig het van die Paarl. Of nog beter, klim 'n stukkie van die berg tot jy 'n uitsig het van die hele Paarl. Wanneer jy daar bo staan of sit, wees net 'n oomblik stil en neem die mooi uitsig in. Ons vergeet so maklik dat ons deel is van 'n groter prentjie.

Die lewe is meer as net 'n eksamen of 'n toets of huiswerk. Natuurlik is dit ook baie belangrik en veral belangrik dat ons ons beste sal gee, maar die lewe gaan nie net daaroor nie.

Ons moet onthou dat ons deel vorm van God se groter prentjie. Kyk bietjie na die uitsig. Wat sien jy alles raak? Wat erken jy? Kyk of jy jou huis kan raaksien. Baie keer kyk ons net vas in dit wat ons voor ons raaksien. Dis so goed om bietjie terug te staan en te sien, dat daar ook ander dinge aan die gang is. Sien jy dalk die karre ry? Elke kar het 'n mens in, met sy/haar eie gesin, eie lewe, eie bekommernisse, eie passies in die lewe.

Sien jy die geboue? Elke gebou het sy eie storie. So ook ek en jy. Ons pas ook in in hierdie prentjie. God wil jou baie graag deel hê van hierdie groter prentjie. God wil jou baie graag deel hê van hierdie groter prentjie. En as jy soms voel dat jy nie meer deel voel van hierdie prentjie nie of dat jy deurmekaar voel, want daar is net so baie dinge wat om jou aangaan, sal die braafste ding wees om vir iemand te vertel of vir iemand vir hulp te vra.

Janneke, Jana en Ryno wil graag met jou gesels. Whatsapp of bel of ons enige tyd! Ons hou van koffie drink en ons het genoeg ervaring om 'n studiebreuk ten volle te benut!

## **NUWE VENTILASIEDEKSELS: BAIE DANKIE!**

Tydens die COVID inperking is die ventilasiedeksels aan die suidekant van die kerk gevandaliseer (uitgebreek en gesteel) en ons wil graag ons dank oordra aan die volgende persone:

1. 'n Lidmaat van ons, Mnr Coenie Nelson van ACA Staalwerke wat vir ons 10 nuwe metaal ventilasiedeksels gemaak het
2. Mnr Hans en Yuan van der Sluys wat vir ons die deksels weer ingebou het. Dit is reeds gedoen en dit lyk baie beter as die oues wat gesteel is.

Namens die hele Toringkerk familie wil ons vir julle uit ons harte bedank vir hierdie groot geskenk. Julle is groot staatmakers. Ons waardeer julle baie!





# Dagboek

## DIE DATUM



**29**  
NOV.

Familie  
AFSLUITINGSFEES  
Toringkerk | Na kerk



**11-13**  
DES.

Hawequa  
STAPTOER  
Tieners



**13**  
DES.

KERSSANGDIENS  
Toringkerk | 18:30



**25**  
DES.

KERSDIENS  
Toringkerk | 08:00

Hou die afkondigings en sosiale media dop vir meer inligting.  
**BID . SIEN . DEEL**



22 NOVEMBER 2020

# TORINGKERK

*nuus*



TORINGKERK ZAPPER



## BID | SIEN | DEEL

OFFERGAWES, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES:



OFFERGAWES, MAANDELIKSE  
BYDRAE EN TIENDES:

TORINGKERK  
ABSA  
TAKKODE: 632 005  
REK NR: 400 590 176



## MAAK KONTAK MET ONS

AS JY MET 'N LERAAR WIL GESELS, KONTAK ONS GERUS.

### LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Ryno Els | 083 610 1641 |  
ryno@toringkerk.co.za

### JEUG/MAATSKAPLIK

Janneke Marais | 082 831 6165 | janneke@toringkerk.co.za

### KANTOOR

Annelie Koegelenberg | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

### ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 |  
marionell2@gmail.com

### KOSTER

Neels Visser | 082 740 7353 | neels@toringkerk.co.za

### TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 |  
dawfre@fhbc.co.za